



NG Kerk
Upington-Oos

Upington Oos - Nuusbrief

16 Oktober 2022

Ek is die Lig van die wêreld,

In die lig sien ons die Lig.



09:00 - Formele Erediens in Kerk - Ds. Dawie Smit

09:15 - Informele Erediens in Saal - Dr Hennie Pistorius

10DE MAAND DANKOFFER

Dit is Oktobermaand, ons spesiale insamelingsmaand. Ons is ook in 'n baie groot mate afhanklik van hierdie eenmalige jaarlikse insameling ten einde ons finansies op koers te hou. Ons Maandeliks Dankoffers het aansienlik afgeneem die jaar en is die Kerkraad redelik bekommerd.

Ons wil langs hierdie weg versoek dat u ons weereens, soos in die verlede, heelhartig en ten volle sal ondersteun en glo ons dat u tot die besef sal kom hoe goed ons Hemelse Vader elke dag vir ons SORG en dat dit u sal aanspoor om ook u dankbaarheid te bewys deur u ondersteuning hierin. Ons Bankbesonderhede indien u 'n direkte inbetaling wil doen:

NG Kerk Upington-Oos

Tjekrekening nr. 2240580082

ABSA

Upington Takkode 334304.

(Verwysing: U naam of wyk en die woord "dankoffer" opgeskryf)

Baie Dankie

LIEF EN LEED:

VOORBIDDING:

Piet Olivier, [Manus Brown](#), Hannetjie Steyn, [Catrina Steyn](#), Kowa Pretorius, [Ria Bekker](#) en Bardine Kamfer.

Ons bid dat jul spoedig sal herstel.

RIV: Johan Basson (Koster) se suster is op 08 Oktober 2022 oorlede.

Alle sterkte aan die familie en vriende van die oorledene.

GEE ASSEBLIEF NUUS VAN ONS GEMEENTELEDE DEUR AAN DIE KERKKANTOOR. ONS WIL GRAAG LIEF EN LEED MET ALMAL DEEL.



KOLLEKTE:

Die kollekte by die **deure** gaan vir die **Caritas Kinderhuis Noord-Kaap**. Oranjehof bussie is nogsteeds op hul plek

BIDUUR – ELKE DINSDAG

Plek: NG Kerk Upington Oos in die Moederkamer

Tyd: 07:30

Onderwerp: Tans bid ons vir die gemeente, land en wêreld





NUWE INTREKKERS en NUWE LIDMATE:

Ons wil net graag seker maak dat ons wel kennis dra van al ons nuwe lidmate en inwoners in ons gemeente. Almal wat deel van ons gemeente geword het en nog nie besoek is nie, kontak asseblief vir Paul Muller, 082 551 2574 OF die kantoor.

In die voorportaal van die kerk en saal is kaartjies en 'n boek. Vul asb.u besonderhede en plaas die kaartjie terug in die bussie. Baie welkom in ons gemeente!!

BELYDENISKLAS FOTO:

Sal alle kinders wat hierdie jaar belydenis van geloof afle volgende Sondag die 23ste Oktober 2022 na die ereediens, voor die kerk bymekaar kom vir 'n klas foto wat verpligtend is.

MATRIEK EINDEKSAMEN:

Baie sterkte aan die matrieks met julle eindeksamen. Ons gemeente wil net sterkte sê deur 'n klein geskenkie wat beskikbaar sal wees op **30 Oktober 2022** in die moederkamer net na die ereediens.

Die volgende is 'n geslote lys van mense wat hulle geskenkies moet kom haal:

Riana Archer; Mieke Basson; Elizma Boshoff; JD Carr; Kaylené Carr; Lombard Conradie; SJ Corbett; Melaine Du Toit; Malan Geldenhuys; Levi Hammond; Francois Jeppe; Petri Jooste; Jandré Kellerman; Adriaan Myburgh; Kelita Scholtz; Juané Smit; Marco Spangenberg; Jeané Terblanche; Johanré Terblanche; Abrie Truter; Elizna Truter; Jessie Van Der Walt; Kristi Willemse.

SPITBRAAI:

Plek: NG Kerk Upington-Oos

Datum: 28 Oktober 2022

Tyd: 19h00

Prys: R150 (*Bykosse en poeding ingesluit*)

BESPREEK NOU AL JOU PLEK (betaal later) EN MAAK SEKER JY GAAN NIE HIERDIE SPESIALE GELEENTHEID MIS NIE.

GRATIS 2020 BYBELS:

Indien jy belangstel kan jy by die kerkkantoor 'n gratis 2020 Bybel kom haal.

SOPKOMBUIS:

Ons benodig sop vir Solly's Soup Kitchen. Alle sop kan in die saalkombuis se vrieskas gebêre word.

RUN FOR THE RIBBON:

Plek: Desert Palace Casino

Tyd: 10km- 18h00, 5km – 08h15, 2.5km – 08h30 en 100m – 09h30.

Datum: Saterdag 29 Oktober 2022

Daar sal pryse beskikbaar wees asook aktiwiteite vir die kinders. Kom geniet die heerlike familiedag saam ons.

Webtuiste en Facebook

Besoek gerus ons Webblad (www.upingtonoos.co.za) en like ons facebook om op hoogte te bly van al ons bedrywighede, asook foto's van aktiwiteite wat plaasgevind het.

Broadcast:

Ons het 'n broadcast groepie gestig om vinnige en dringende boodskap by die hele gemeente uit te kry. "SAVE" asb dié nommer op julle fone, anders gaan jul nie die boodskappe van ons kry nie. 071 742 0970 (moet asb nie bel op die nommer nie. Skakel liever Kerkkantoor 0543380378 of Elna 084 547 9632

INDIEN JY NIE ONS BOODSKAPPE KRY NIE, LAAT WEET GERUS PER WHATSAPP NA DIE BOGENOEMDE SEL NOMMER ASSEBLIEF

Baie dankie aan ons kalender borg vir OKTOBER MAAND

SANETTE SMITS

Professionele Rekenmeester

Tel: 054 331 1623 • Sel: 082 290 5980

Markstraat 71

Postnet Suite 90, Privaatsak X5879

Upington

8800



MAG JOU VERJAARSDAG BAIE SPESIAAL WEES!

Verjaar	Noemnaam	Van	Wyk
16-Oct	Gawie	Carr	C01
16-Oct	Jossie	Crafford	C12B
16-Oct	Johlene	Goosen	B10
16-Oct	Jannie	Jacobs	B07
16-Oct	Erika	Liebenberg	A01
16-Oct	Jannie	Liebenberg	A01
16-Oct	Coris	Möller	C02
16-Oct	Kobie	Spangenberg	B07
17-Oct	Juanita	Joubert	Pionierswyk
18-Oct	Lynette	Brand	D12
18-Oct	Annalene	De Villiers	C05
18-Oct	Netta	Esterhuizen	B12
18-Oct	Fanie	Kuhn	Rouxville
19-Oct	Barend	Booyesen	Rouxville
19-Oct	Karin	Du Plessis	B08
19-Oct	Rene	Duraan	D12
19-Oct	Carla	Jacobs	Ander
19-Oct	Anja	Kotzé	Ander
19-Oct	Jacqueline	Malherbe	C12A
20-Oct	Kotie	Bezuidenhout	D09/10
20-Oct	Kenleigh	Goosen	D03
20-Oct	Etienne	Hattingh	Ander
20-Oct	Jandre	Kellerman	D14/15
20-Oct	Petrus	Ludik	Ander
20-Oct	Jolandre	Van Niekerk	D03
21-Oct	Riana	Becker	D06
21-Oct	Carla	Klindt	C07
21-Oct	Neresa	Maritz	Ander
21-Oct	Rian	Strauss	C10B
22-Oct	Johanita	Basson	D13
22-Oct	Hannah	Burger	C01
22-Oct	Linda	Burger	Ander
22-Oct	Callie	Greyling	D16
22-Oct	Gideon	Van As	Ander

Bedank as hulle jou siel seek!

Jy sal dit sien, jou oë sal blink, en jou hart sal bons van vreugde. Die rykdom van die see sal na jou gebring word. Die rykdom van die nasies sal jou besittings wees.

~ Jesaja 60:5

Te veel mense het die vonkel in hulle oog verloor. Hulle strompel voort van een vaal-vervelige dag na die ander. Kerkmense lyk ook nie juis anders nie. 'n Nie-kerklike vriend vertel my dat hy onlangs 'n kerkdiensoordood moes bywoon.

Dit was egter vir hom so sielododend dat hy na die tyd deur die begraafplaas, waar sy ouers begrawe is, gaan loop het om hom op te beur. Regtig!

Dalk moet ons bedank by dinge wat ons sielsvreugde steel. Die lewe is te kort om dit deur ons vingers te laat glip. Ons moet maar net die geskenkpapier van die klein dingetjies rondom ons afhaal. 'n Nuwe blom wat oopgaan; die sorgelose vreugde van voëls in 'n tuin; die skoonheid van 'n sonsondergang, 'n huweliksmat - dit is ons hemelse Vader se klein genadegawes om die lewe lig en leefbaar te maak!

My gebed vir jou vandag is 'n daggie vol
vrede, vreugde, omgee en geluk. Mag HY jou hand vat
en innerlik versterk
met geloof en SY genadevolle
LIEFDE en KRAG!

Stephan Joubert